
Google Workspace
for Education

# Verken nutsgoed wat onderwys verbeter

Help jou instelling om maklik saam te werk, onderrig te stroomlyn, en die leeromgewing veilig te hou.



> Tegnologie alleen sal nie onderwys verbeter nie, maar dit kan 'n belangrike komponent van die oplossing wees."
>
> Sundar Pichai, HUB, Google

Gebruik aanpasbare, veilige nutsgoed gratis* met Education Fundamentals, of voeg die gevorderde vermoëns by wat jy benodig met Education Standard, die Teaching and Learning Upgrade, of Education Plus.

### Google Workspace for Education Fundamentals

Help skoolgemeenskappe om hul impak te verhoog met gratis* nutsgoed vir intydse samewerking en kommunikasie op 'n veilige platform.

### Google Workspace for Education Standard

Beskerm jou skoolgemeenskap met gevorderde sekuriteit- en ontledingnutsgoed wat vir jou beheer, sigbaarheid en insigte gee.

### Teaching and Learning Upgrade

Verbeter die instruksionele impak met gevorderde videokommunikasie, verrykte klaservarings, en nutsgoed om akademiese integriteit aan te dryf.

### Google Workspace for Education Plus

Transformeer jou skool met 'n omvattende oplossing wat gevorderde sekuriteit en ontleding, verbeterde onderrig- en leernutsgoed, en meer insluit.

* Gratis vir kwalifiserende instellings.

Kom meer te wete oor Google Workspace for Education-weergawes by edu.google.com/editions

Google for Education

Google Workspace for Education

# Kies die regte weergawes vir jou skool se behoeftes

## Education Fundamentals

Education Fundamentals is 'n gratis nutsgoedpakket vir kwalifiserende instellings wat samewerkende leergeleenthede op 'n veilige platform moontlik maak.

**Hoogtepunte**

- Werk intyds saam met Dokumente, Blaaie, Skyfies, Sites en Jamboard.
- Help opvoeders om tyd te spaar deur hul klasse te bestuur met Klaskamer en Assignments.
- Kommunikeer virtueel vanaf enige plek met Google Vergader, Chat en Gmail.
- Aktiveer sekuriteitsleutelafdwinging en 2-stapverifikasie vir 'n ekstra vlak stawing.
- Bly in beheer van dataverliesvoorkoming vir Gmail en Drive.
- Voldoen aan FERPA, COPPA en GDPR.

**Berging**

'n 100 TB-wolkbergingpoel wat deur jou organisasie gedeel word.

## Education Standard

Education Standard bied 'n veiliger leeromgewing met proaktiewe sekuriteit- en ontledingnutsgoed. Hierdie weergawe bou op die vermoëns van Education Fundamentals.

**Hoogtepunte**

- Voorkom, bespeur en hanteer bedreigings met die Sekuriteitsentrum – insluitend die beheerpanele, gesondheidbladsy en ondersoeknutsding.
- Bestuur toestelle en programme vanaf 'n sentrale punt om oudits uit te voer en reëls af te dwing.
- Kry meer insigte met uitvoere van Gmail-loglêers en Klaskamer-loglêers vir ontleding in BigQuery.
- Spoor gebruik na regoor jou domein met ouditloglêers vir Drive, toestelle, LDAP en meer.

**Berging**

Dieselfde berging as Education Fundamentals.

## Teaching and Learning Upgrade

Die Teaching and Learning Upgrade bied geleenthede vir instruksionele impak deur verbeterde videokommunikasie, verrykte klaservarings, en nutsgoed om akademiese integriteit aan te dryf. Hierdie weergawe bou op die vermoëns van Education Fundamentals of Education Standard.

**Hoogtepunte**

- Verbind met tot 250 deelnemers of stroom regstreeks vir tot 10 000 kykers binne jou domein met Google Vergader.
- Verbeter leerbetrokkenheid in Google Vergader met interaktiewe V&A, meningspeilings, bywoningnasporing, wegbreekkamers en opnames.
- Integreer jou gunstelingderdepartynutsgoed met gebruik van Klaskamer-byvoegings*.
- Kry 'n onbeperkte aantal oorspronklikheidverslae en gaan na of daar ooreenkomste is teenoor vorige studente-indienings in 'n private bewaarplek.

**Berging**

Dieselfde berging as Education Fundamentals, plus 100 GB wat vir elke lisensie by die gedeelde poel gevoeg word.

## Education Plus

Education Plus is die Google Workspace for Education-weergawe met die sterkste vermoëns. Dit sluit al die verbeterde sekuriteit- en ontledingkenmerke en premiumonderrig- en leernutsgoed van Education Standard en die Teaching and Learning Upgrade in, en meer.

**Hoogtepunte**

- Stroom regstreeks vir tot 100 000 kykers binne jou domein met Google Vergader.
- Maak inligting meer toeganklik en maklik om te kry met jou eie Cloud Search.
- Skep en bestuur klasse volgens skaal deur Klaskamer-roosters te sinkroniseer vanaf jou studente-inligtingstelsel*.
- Kry antwoorde vinniger vanaf 'n steundiens deur produkspesialiste.

**Berging**

Dieselfde berging as Education Fundamentals, plus 20 GB wat vir elke lisensie by die gedeelde poel gevoeg word.

Vergelyk alle kenmerke en vind die regte weergawes vir jou instelling by edu.google.com/editions

Google for Education

© 2020 Google LLC 1600 Amphitheatre Parkway, Mountain View, CA 94043.

* Binnekort beskikbaar.